

ATKV ***tjokkertoneel***

2022



INHOUDSOPGAWE

Bladys

- 1 Deelname aan ATKV-Tjokkertoneel
- 2 Prosedure om in te skryf
- 3 Streeksfeeste
- 4 Reëls
- 5 - 6 Toekennings
- 7-8 Mentorskap en beoordeling
- 9 Kansellasiebeleid
- 9 Toneeltekste
- 10 Opvoerregte
- 11-15 Inskrywingsvorm



Die doel van die ATKV-Tjokkertoneel is die skep van 'n nasionale platform vir talentontwikkeling ter viering en opbou van laerskoolkinders deur toneelontwikkeling, gehoorontwikkeling en blootstelling aan goeie literatuur aan te moedig.

Met ATKV-Tjokkertoneel word laerskole aangemoedig om die kinders bloot te stel aan teaterkuns en drama deur middel van mini-tonele en junior spreekkore.

Deur die opbouende proses van toneelspel, ontwikkel die kinders selfvertroue, kommunikasie- en luistervaardighede, en verbreed hul woordeskat.

Kom leef dus jou liefde vir toneel uit en betower gehore op die ATKV-Tjokkertoneelverhoog met jou laerskool se beste mini-toneel en junior spreekkoor.

#Tjokkertoneel

DEELNAME AAN ATKV-TJOKKERTONEEL

1

1

ATKV-Tjokkertoneel is 'n nasionale kompetisie vir laerskoolleerders, dus mag slegs laerskole en dramaskole vir laerskoolleerders deelneem.

2

Skole wat inskryf, mag slegs van hul eie ingeskrewe leerders gebruik maak.

3

Die kompetisie word aangebied in sale, daar sal dus basiese klank en beligting beskikbaar wees.

4

Elke toneelgroep sal op die dag van hul optrede 45 minute tegniese repetisie in die saal kry.

5

Toegangsgelde is vir die gehoor betaalbaar. Kaartjies word by die deur verkoop.

6

Die tydsduur van mini-toneelstukke mag nie korter as 10 minute en nie langer as 20 minute wees nie.

7

Die tydsduur van die junior spreekkore mag nie korter as 2 minute en nie langer as 4 minute wees nie.

8

Nuutskeppings, bestaande tekste, verwerkings en vertalings word toegelaat.

9

Mini-tonele en spreekkore moet oorwegend Afrikaans wees (ongeveer 70%).

10

Toneelstukke mag in enige genre of styl aangebied word.

MEER OOR JUNIOR SPREEKKORE

'n Spreekkoor is 'n groep kinders wat 'n gedig of dramatiese teks oordra. Dit is dus 'n koor wat nie saam sing nie, maar eerder saam praat.

Soos in 'n gewone koor, sal daar gedeeltes wees waar die hele koor saam praat, maar daar kan ook solo-gedeeltes wees of dele waar slegs 'n aantal stemme optree.

- Hierdie afdeling is vir gedramatiseerde spreekkore, dus word gemotiveerde bewegings en handgebare aanbeveel.
- Kostuums word toegelaat, maar moet gepas wees.
- Dekor (eerder rekvisiete) en grimering mag gebruik word, maar is opsioneel.
- Byklanke en musiekinstrumente is opsioneel.
- Musiek/liedjies mag gebruik word, maar moenie meer as 30% van die optrede oorskry nie.
- Koorbankies, rostra, tafels en stoele word toegelaat. Koorbankies sal by die streeksfees beskikbaar wees, maar die res moet deur die deelnemende skool self voorsien word.
- Eie toerusting (dekor, rekvisiete, instrumente) moet verskaf word.
- Skole besluit self of hulle van 'n dirigent gebruik gaan maak of nie.
- Spreekkore word beoordeel op die oordra van die storie/boodskap.

PROSEDURE OM IN TE SKRYF

2

01

Besprekings vir streeksfeeste vind aanlyn plaas. Bespreek asseblief deur op die gepaste skakel (soos deur die projekorganiseerder gekommunikeer) te klik en dan die vorm te voltooi.

02

Die inskrywingsvorme moet die ATKV voor of op **1 Mei 2022** (wanneer die inskrywings sluit) bereik.

03

Die inskrywingsgeld sal in 2022 bepaal word.

04

E-pos asseblief die bewys van betaling (duidelik gemerk met die skool se naam) ook aan **jj@atkv.org.za**

05

Deelnemers moet die toneeltekst, 'n programnota/lokparagraaf, asook die opvoerrepte (sien "Opvoerrepte"), voor of op **1 Junie 2022** aan die ATKV verskaf.

06

Die toneeltekst en opvoerrepte moet aan **jj@atkv.org.za** ge-e-pos word. Maak asseblief seker die e-pos (of die aanhangsel) is kleiner as 3 megagrepe.

07

Dit is uiters belangrik vir die verloop van die projek dat daar by die sluitingsdatums vir inskrywings en inhandiging van verskeie dokumente gehou moet word.

08

Betaal asseblief die inskrywingsgeld in die volgende rekening:

Bank:

Absa, Randburg

Rekeninghouer:

ATKV

Tjekrekeningnommer:

017 016 67 28

Takkode:

632 005

Verwysing:

"Tjokkertoneel" en die skool se naam

- Enige skool kan by enige streeksfees deelneem. Hierdeur bied die ATKV aan skole die geleentheid om deel te neem op 'n datum en/of by 'n plek wat hulle die beste pas.
- Daar word beoog om streeksfeeste regoor Suid-Afrika aangebied.
- Die aantal besprekings wat vir 'n spesifieke streeksfees ontvang word, sal bepaal vir hoeveel dae daar vertonings in die teater gelewer sal word.
- Elke toneelgroep sal op die dag van hul optrede die geleentheid kry om vir 45 minute te oefen. Daar word aanbeveel dat hierdie geleentheid as 'n tegniese repetisie gebruik word. Spreekkore sal 'n 30 minute oefentyd binne die saal gegee word.
- Basiese klank en beligting sal in die saal beskikbaar wees. Daar sal voldoen word aan minimum vereistes, naamlik 'n fokus links, middel en regs op die voorverhoog. 'n Goeie algemene beligtingsprofiel is beskikbaar. Geen ligte kan spesiaal vir 'n produksie gefokus word nie. Die verhoogafmetings en teaterspesifieke tegniese inligting sal in Julie saam met die volledige program na deelnemers gestuur word.
- Die prysuitdeling vind plaas ná die beoordelaars se mentorsessie aan die einde van elke aand.
- Neem kennis dat die datums en plekke van alle streeksfeeste onderhewig is aan onvoorsiene veranderings.
- Toegangsgelde is vir die gehoor betaalbaar. Kaartjies word by die deur verkoop.



- Die inskrywingsvorm moet volledig ingevul word en so spoedig moontlik (nie later nie as 1 Mei) aan die ATKV gestuur word. Die inskrywingsvorm moet deur die skoolhoof onderteken word.
- Onvolledige en valse inligting of die versuim om die inskrywingsvorm deur die skoolhoof te laat teken kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywing.
- Die skoolhoof moet verklaar dat die stuk minstens een keer voor die skool en skoolgemeenskap opgevoer is/ sal word voor deelname aan die ATKV-Tjokkertoneel-kompetisie en dat dit sy/haar goedkeuring wegdra.
- Slegs laerskole of dramaskole met laerskoolleerders word toegelaat om in te skryf.
- Skole wat inskryf, mag slegs van hul eie leerders gebruik maak.
- Die tydsduur van die mini-toneelstukke mag nie korter as 10 minute en nie langer as 20 minute wees nie. Junior spreekore mag nie korter as 2 minute en nie langer as 4 minute wees nie.
- Toneelstukke moet oorwegend Afrikaans wees (70%).
- Toneelstukke moet uit ten minste 70% teks bestaan.
- Groepe mag van professionele hulp gebruik maak. Hierdie toegewing is om wisselwerking tussen die professionele teaterbedryf en amateurtoneel deur die oordrag van kennis en vaardighede te bewerkstellig.
- Toneelstukke mag in enige genre of styl aangebied word, maar neem die beperkings van teaters, beperkte repetisietyd, asook min tyd vir dekorwisseling in ag. Oorweeg deeglik wat binne die raamwerk en reëls van die kompetisie moontlik sal wees.
- Groepe is self verantwoordelik vir hulle dekor. Aangesien die beoordelaars en organiseerders bewus is van die probleme wat met die koste en vervoer van dekor ondervind word, word aanbeveel dat gestroopte stelle met net funksionele dekorstukke en rekvisiete gebruik word. Let wel: Daar word nie tydens beoordeling in ag geneem hoeveel geld aan die produksie spandeer is nie, maar eerder die kreatiewe en gepaste samevoeging van alle teaterelemente (soos wat die beoordelaarsvorm aandui).
- Groepe is self verantwoordelik vir hulle vervoer- en verblyfreëlings tydens die streeksfeeste en die finaal.
- Die ATKV behou hom die reg voor om te bepaal watter en hoeveel stukke na die finaal kan deurdring.
- Die ondertekening van die inskrywingsvorm bring 'n basiese ooreenkoms tussen die ATKV en die persoon/persone of instansie wat inskryf tot stand. Hierdie ooreenkoms impliseer dat die persoon/persone of instansie wat inskryf streng volgens die reëls van die kompetisie sal optree en dat die ATKV die kompetisie streng volgens die reëls sal aanbied.
- Die oortreding of nie-nakoming van die reëls van hierdie kompetisie kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywing.
- Die persoon/persone of instansie wat inskryf, vrywaar die ATKV teen enige eise wat mag ontstaan as gevolg van skade of verlies van watter aard ook al wat so 'n persoon/persone of instansie mag ly gedurende die hele verloop van die kompetisie.
- Die ATKV behou die reg voor om die kompetisie enige tyd te staak of te beëindig indien buitengewone omstandighede dit noodsaak.
- Die persoon/persone of instansie wat inskryf, moet tydens die finaal van die kompetisie beskikbaar wees om sonder vergoeding op te tree en die ATKV behou die reg voor om, indien 'n finalis nie die finaal van die kompetisie kan bywoon nie, die betrokke finalis met 'n ander produksie te vervang.
- Die persoon/persone of instansie wat inskryf, magtig die ATKV om foto's en video's van die produksie of toneelgroep vir verslaggewing en bemarkingsdoeleindes te gebruik.
- Die ATKV aanvaar geen aanspreeklikheid nie vir enige stappe wat gedoen word teen deelnemers wat nie die nodige opvoerreëte vir reeds bestaande tekste bekom nie.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal deur die loop van of ná afloop van die kompetisie daarvoor gevoer word nie.



BRONS

SILWER

GOUD

CUM LAUDE

'n Brons ATKV-sertifikaat vir 'n spesifieke aspek = vanaf 60%
(60% ≤ BRONS < 70%)

'n Silwer ATKV-sertifikaat vir 'n spesifieke aspek = vanaf 70%
(70% ≤ SILWER < 80%)

'n Goue ATKV-sertifikaat vir 'n spesifieke aspek = vanaf 80%
(80% ≤ GOUD < 90%)
halwe erekleure

'n Cum-Laude ATKV-sertifikaat vir 'n spesifieke aspek = vanaf 90%
(90% ≤ GOUD ≤ 100%)
volle erekleure

SERTIFIKATE EN TOEKENNINGS VIR SPESIFIEKE ASPEKTE SLUIT IN:

- Akteur of aktrise vir die vertolking van 'n rol (in mini-tonele)
- Groep vir ensemblewerk (spreekkore en mini-tonele)
- Regisseur vir regie (van 'n mini-toneel)
- Afrigter (van 'n spreekkoor)
- Skrywer van 'n nuutgeskrewe teks (spreekkore en mini-tonele)
- Spesiale vermelding vir byvoorbeeld dekor, kostuums, grimering, stel/dekor, rekwisiete, klankbaan, choreografie, ensovoorts (mini-tonele)
- Produksie in geheel (spreekkore en mini-tonele)



TYDENS DIE NASIONALE FINAAL

Elke deelnemer aan die finaal ontvang 'n goue ATKV-sertifikaat = deelname op nasionale vlak = volle erekleure.

Elkeen van die individuele weners ontvang 'n goue ATKV-erepenning.

TOEKENNINGS VIR INDIVIDUELE PRESTEERDERS OP NASIONALE VLAK SLUIT IN:



Beste hantering van tegniese aspek
Beste ensemblewerk

- Beste ensemblewerk (spreekkore en mini-tonele)
- Mees belowende spel in 'n rol (mini-tonele)
- Beste aktrise in 'n ondersteunende rol (mini-tonele)
- Beste akteur in 'n ondersteunende rol (mini-tonele)
- Beste aktrise in 'n hoofrol (mini-tonele)
- Beste akteur in 'n hoofrol (mini-tonele)
- Beste grimering (mini-tonele)
- Beste kostuums (spreekkore en mini-tonele)

- Beste regisseur (mini-tonele)
- Beste afrigter (spreekkore)

NASIONALE WENERS

MINI-TONELE

- Die nasionale wenner ontvang R10 000 en die ATKV-Tjokkertoneel-wisseltrofee.
- Die naaswenner ontvang R7 500.
- Die derde plek ontvang R5 000.

JUNIOR SPREEKKORE

- Die nasionale wenner ontvang R5 000 en die ATKV-Tjokkertoneel-wisseltrofee.
- Die naaswenner ontvang R3 000.
- Die derde plek ontvang R2 000.

Let asseblief daarop dat die toekenning van erekleure en die erkenning van prestasies by skole onafhanklik van die ATKV geskied. Die riglyne vir die toekenning van erekleure hierbo is slegs 'n aanduiding van die prestasievlakke binne die kompetisie.

MENTORSKAP

- Tydens elke produksie se inligtingsessie sal hulle die geleentheid kry om hul mentor te trek. Alhoewel die hele paneel die stuk gaan beoordeel, gaan die beoordelaar wat deur die groep getrek word die rol van 'n mentor vertolk.
- Mentors se fokus gaan wees om saans ná die optrede reeds pasgemaakte idees uit te ruil oor hoe om die produksiegehalte te verbeter, maar gaan verder deur stemnotas in diepte voorstelle oor elke aspek van die toneelstuk rig.

BEOORDELING

- Die toneelgroep sal volledige terugvoer binne 15 besigheidsdae ontvang nadat die streeksfees afgehandel is. Beoordeling vind plaas op grond van spel, regie, tegniese aspekte en die toneeltekse. Daar word ook 'n punt vir algehele indruk gegee. Sien asseblief die beoordelaarsvorm wat die kriteria vir die kompetisie bevat.

BEOORDELINGSTAAT VAN MINI-TONELE

SPEL

PUNT UIT
100

GEWIG
30

- 1 Geloofwaardige en boeiende spel.
- 2 Tempo (sluit in tydsberekening, ritme, beweging, invalle).
- 3 Beweging, lyftaal, gebare en gesigspel.
- 4 Stemprojeksie, artikulasie, intonasie en diksie.
- 5 Toepaslike moeilikheidsgraad van die verskillende karakters.

REGIE

PUNT UIT
100

GEWIG
20

- 1 Regiehand (konsep en uitvoering).
- 2 Rolverdeling gepas en geslaag.
- 3 Vloei van die stuk (sluit tempo, stemming en toneelwisseling in).
- 4 Verhooggebruik is effektief, kreatief, gepas en visueel stimulerend.
- 5 Algehele ontwerp, stel, kostuums, dekor, grimering en tegniese afronding i.t.v. styl en keuse.

TEGNIIESE ASPEKTE

PUNT UIT
100

GEWIG
10

- 1 Beligtingsontwerp met nodige sigbaarheid en fokus.
- 2 Klankbaanontwerp en -uitvoering.
- 3 Beheer van klank en beligting deur operateurs (invalle, atmosfeer en gevoel).
- 4 Stelontwerp en -inkleding.
- 5 Kostuums en grimering.

TEKS

PUNT UIT
100

GEWIG
5

ALGEHELE INDRUK

PUNT UIT
100

GEWIG
35

- 1 Algehele indruk van produksie-gehalte.

TOTALE PRODUKSIEPUNT

100

BEOORDELINGSTAAT VIR JUNIOR SPREEKKORE

Vokale en fisieke karakterisering

PUNT UIT

100

GEWIG

20

- 1 Geloofwaardig en boeiend.
- 2 Beweging, lyftaal, gebare en gesigspel.
- 3 Stemprojeksie, artikulasie, intonasie en diksie.

Ensemblewerk

PUNT UIT

100

GEWIG

15

- 1 Energie
- 2 Samespraak
- 3 Tempo (sluit in tydsberekening, ritme, beweging, invalle).

Kreatiwiteit

PUNT UIT

100

GEWIG

10

- 1 Tema-ontwerp
- 2 Opstel en formasies.
- 3 Kostuums, grimering en rekwisiete.

TEKS

PUNT UIT

100

GEWIG

5

- 1 Keuse
- 2 Tema en samestelling.
- 3 Teks en tema is binne die verwysingsraamwerk van die leerders.

ALGEHELE INDRUK

PUNT UIT

100

GEWIG

50

- 1 Algehele indruk van produksie-gehalte.

TOTALE PRODUKSIEPUNT

100

KANSELLASIEBELEID

Die inskrywingsgeld sal ten volle terugbetaal word indien skriftelike kennis van onttrekking of kansellasië voor of op 1 Junie deur die ATKV ontvang word. Slegs die helfte van die inskrywingsgeld sal terugbetaal word indien skriftelike kennis van onttrekking of kansellasië voor of op 30 Junie deur die ATKV ontvang word.

Van 1 Julie af word geen inskrywingsgeld terugbetaal nie. Inskrywingsgeld sal terugbetaal word indien die geleentheid deur die ATKV gekanselleer word.

TONEELTEKSTE

- Die tydsduur van die toneelstukke mag nie korter as 10 minute en nie langer as 20 minute wees nie.
- Die toneelteks moet die ATKV voor of op 1 Julie 2022 bereik. E-pos u teks deur aan jj@atkv.org.za, maar maak seker dat die e-pos nie groter as 3 megagrepe is nie. Die teks kan ook op WeTransfer gestuur word.
- Hou in gedagte dat die beoordelaars geleentheid moet kry om die tekste deur te gaan. Indien ons nie die tekste betyds ontvang nie, word die toneelgroep indirek benadeel.

WAAR KRY EK TEKSTE?

- Gedigte (op die internet of Kinderverseboeke)
- Bestudeer die ATKV-Tjokkertoneelnetwerk en -biblioteek vir tekste en skrywers.
- Kinderboeke kan verwerk word na treffende mini-tonele. Besoek www.lapa.co.za vir wonderlike boeke.
- Besoek www.storiewerf.co.za
- Besoek die Afrikaanse Kontemporêre Drama-Argief www.akda.co.za.
- In die kollig (speeltekste vir dramaleerders, saamgestel deur Lizz Meiring) – koop aan by www.lapa.co.za
- Oppi-planke (deur Pierre-André Viviers en Johann Smith) – koop aan by <http://www.etzacorp.co.za/planke/>



- Opvoerrege moet vir alle reedsbestaande ingeskrewe stukke verkry word en 'n afskrif van die magtiging of toestemming moet die inskrywingsvorm vergesel of voor of op 1 Julie aan die ATKV gestuur word.
- Navrae in verband met opvoerrege moet gerig word aan die skrywer self of aan die Dramatiese, Artistieke en Regte Organisasie (Edms.) Beperk (DALRO) by 086 12 DALRO of 011 712 8330 of e-pos theatricals@dalro.co.za. Besoek ook www.dalro.co.za vir meer besonderhede oor DALRO. 'n Dramatiese of letterkundige werk mag nie sonder toestemming van die outeursregeiraar of sy verteenwoordiger in die openbaar opgevoer word nie, en daar mag ook nie sonder die nodige toestemming 'n verwerking, vertaling, aanpassing, ensovoorts van 'n outeursregwerk gemaak word nie.
- DALRO administreer die outeursreg in die werke van die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaanse outeurs en tree as die plaaslike verteenwoordiger van derduisende oorsese skrywers op ingevolge ooreenkomste met buitelandse outeursregorganisasies, uitgewers en ander reghebbendes. Alvorens daar met die beplanning spasie van 'n opvoering vir enige toneelwerk voortgegaan mag word, moet daar eers by DALRO navraag gedoen word of opvoerrege vir die bepaalde stuk verkry kan word.
- Vir tekste wat nie by DALRO geregistreer is nie, moet die dramaturg of sy/haar wettige verteenwoordiger se skriftelike toestemming vooraf verkry word en moet die ooreengekome optreefooi aan hom/haar betaal word. Hierdie skriftelike toestemming moet aan die ATKV gestuur word.
- Dit is van belang vir die voornemende opvoerder dat hy/sy nie sonder 'n geldige skriftelike magtiging of lisensie 'n outeurswerk op die planke mag bring nie. Hierdie magtiging of lisensie sal uitgereik word nadat opvoerrege toegestaan is en die verskuldigde tantiemes (outeursgelde) betaal is.
- 'n Belangrike waarskuwing: Daar is heelwat ongemagtigde vertalings beskikbaar. Moet dus nie aanvaar dat 'n vertaalde stuk wat êrens in die hande gekry is, opgevoer mag word nie. Maak seker dat DALRO kennis dra van die vertaling en of opvoerrege daarvoor beskikbaar is. Indien 'n vertaalde stuk opgevoer word, moet die naam van die vertaler saam met dié van die dramaturg vermeld word.
- Aansoeke om opvoer- of vertaalregte moet DALRO vroegetydig bereik. Dit is raadsaam om ten minste drie maande voor die beplande opvoering die aansoek in te dien, veral in gevalle waar die regte van oorsese skrywers betrokke is.
- Die ATKV aanvaar geen aanspreeklikheid nie vir enige stappe wat gedoen word teen deelnemers wat nie die nodige opvoerrege bekom nie.





ATKV

Besoek
www.atkv.org.za
vir kursusse en projekte.